18 FEBRUARIE 2018

09:00 Erediens – Kruiswoord 1
Immanuel van Tonder

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 kleuterkerk

Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Jeanri Bezuidenout

19:00 Belydenisklas
Genade en vergifnis Kleingroepe

25 FEBRUARIE 2018

09:00 Erediens (Nagmaal) – Kruiswoord 2
Eric Scholtz
"...Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Luk 23:43

Geen Jnr. Kategese of Kleuterkerk a.g.v. nagmaal

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)
Peet Crous

19:00 Belydenisklas
Kursus #1: Wie is ek? Grootgroep

Versoeke vir kontant: Tans woon daar bedelaars ons eredienste by; hulle is baie welkom! Moet egter asseblief nie vir hulle kontant gee nie. Ons help graag via Maatskaplike-dienste.

Wil u inskakel by 'n omgeegroep? Bestaande omgeegroepe kan boekies oor die *Kruiswoorde* by die kerkkantoor bestel by 012 348 1245. Navrae: Andrew Hofmeyr 083 442 5388.

Ouers van die Graad 10's word vriendelik versoek om asseblief te help tee skink na die Aanddiens op 25 Februarie 2018.
U meelewing word opreg waardeer.
Navrae: Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.

Sien jy kans om te help met verwelkoming voor die oggenddiens? Kontak asseblief vir Ronelle Truter 082 465 5143.

Kerkraadsvergadering Maandag 26 Februarie 2018 om 18:00 in Koinonia.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Alpineweg 330, Lynnwood) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Gasvryheidsbediening** vergader 17:00 (A21). **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Anita van Zyl en familie, Sussexlaan 450, Lynnwood, 072 106 5355 – Kleintjie oorlede. Begrafnis was Vrydag.
Zach Joubert, St Peter's Garden Estate 2B, Garsfontein, 012 361 6746 – herstel na operasie.
Gert Venter, Selrose Park 113, Griffithsstraat 101, Equestria, 012 807 3386 – Wilgers Hospitaal.

Bewys van lidmaatskap:

Hubner, Cecile, Francois en Nicola du Plessis, Bergkareelaan 363, Lynnwood, 083 559 0935.

Oop vir die Oomblik - jaarkursus:

'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, a*angebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder*. Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Inskrywings: stuur 'n e-pos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG Ring, ABSA, 9328323743.
Verwysing: teenwoordigheid, van, noemnaam.
Finansiële ondersteuning beskikbaar.
Navrae: Immanuel van Tonder 083 540 6015, immanuelvt@gmail.com.

Wêreldbiddag vir Vroue:

'Hoe wonderbaar is U skepping'. Ons tema vir hierdie jaar se Wêreldbiddag vir Vroue op 2 Maart, om 10:00 by die Willows Methodist Church, Meerlustweg 821, Equestria. Spreker: Dr Maureen Wolfson.

Wespoort se Paastee:

Paastee saam met dr Stephan Joubert. Op 15 Maart 2018 om 08:30 vir 09:00 in Lynnwood Gemeente se kerksaal. Koste R150 pp. Navrae: Dollie Verhage 082 821 5859.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan

Kontak van die week: Halwe waarhede

My kosbare kollega Immanuel het 'n teorie wat met navorsing gerugsteun word: Alle mense jok soms ten minste 'n bietjie. Die klassieke voorbeeld sal wees wanneer 'n vrou voor die spieël staan en vir haar niksvermoedende man vra: "Laat hierdie denim my vet lyk?" Wat die arme drommel ook al antwoord, gaan nie korrek wees nie en in sy gedagtes vorm daar reeds 'n ontsnappingsplan wat die kortste en veiligste roete insluit.

As bogenoemde teorie water hou, dan beteken dit dat gelowiges in die gewone gang van die lewe ook leuens (ten minste sagte leuens) vertel. Maar verder as alledaagse leuentjies mag dit wees dat daar in die dogma van die kerk ook halwe waarhede skuil. Adam Hamilton in sy boek ***Half truths: God helps those who help themselves and other things the bible doesn't say*** versterk juis dié punt.

Hamilton hanteer vyf halwe waarhede wat volgens hom redelik prominent is. Die eerste een is: Alles gebeur met 'n rede. Christene gebruik hierdie uitdrukking gewoonlik as 'n reaksie op lyding, soos wanneer iemand onverwags sterf. Maar daar is 'n paar probleme met hierdie argument:

Eerste probleem: As alles vir 'n rede gebeur, vernietig dit persoonlike verantwoordelikheid. Ek hoef dus nie verantwoordelikheid te aanvaar wanneer ek te veel gedrink het en dan huis toe bestuur nie, want alles gebeur met 'n rede. Miskien is dronkbestuur die rede waarom iemand vanaand moet sterf!

Tweede probleem: Is God dan vir alles verantwoordelik? As alles 'n rede het, dan gebeur natuurrampe nie ten spyte van God se wil nie, maar as gevolg van God se wil! As alles vir 'n rede gebeur, is elke verkragting, oorlog en saak van mensehandel deel van God se plan?

Derde probleem: Fatalisme en traak-my-nie-agtigheid. Hoekom sal ek dan my lyf met sorg hanteer en vir bloedtoetse gaan om medikasie aan te pas? Alles gebeur met 'n rede en 'n mens se tyd is jou tyd.

Wat is die alternatief? Hoe kan ons praat oor God se toetrede tot die wêreld? Hamilton stel die volgende voor: Die Here is nie 'n mikro bestuurder nie. As die Bybel sê dat elke haar op ons koppe getel is, is dit 'n literêre tegniek om aan te dui dat God besonder besorg oor ons is, maar daarmee saam gee die Here aan ons besondere vryheid in ons keuses rakende werk, eetgewoontes en reise wat ons aanpak. Verder het die Here nie geskep en toe alles op "auto pilot" geplaas nie. God is wel soewerein, gee vryheid, laat mense toe om kanse te waag en werk deur mense. Wanneer ons gebede verhoor word, is dit juis deur mense wat God se hande, voete en stem is!

T-tyd: Vier jou vryheid wat daar in Christus is en leef dit uit binne God se raamwerk van liefde.

Peet Crous (namens die predikantespan)

Ses-weke-se-gee (Lydenstyd-projek):

Almal in die gemeente, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om tydens lydenstyd elke week iets saam te bring vir 'n goeie doel! Die items, met die projekte wat die skenkings sal ontvang langsaan aangedui, is as volg:

Lydensweek 1 (18 Februarie): 'n kledingstuk ten bate van die CMR.
Lydensweek 2 (25 Februarie): Speelgoed (in besonder opvoedkundig) vir Ubuhle Kleuterskool.
Lydensweek 3 (4 Maart): *Toiletries* vir Wespoort.
Lydensweek 4 (11 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Wozanibone Skool.
Lydensweek 5 (18 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Harmonie-Oord.
Lydensweek 6 (25 Maart): Skryfbehoeftes vir Ya Bana.
Byvoorbaat baie dankie. U meelewing word opreg waardeer!

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Raportryers Laerskole Bybelvasvra 2018: Die Bybelvasvra (in spanverband) word hierdie jaar vir die 39ste keer aangebied. Dit begin by die Junior-afdeling gevolg deur die Senior-afdeling later. Navrae: Dr Hennie Schmidt (Hooforganiseerder) 084 603 6037.

Skolliekamp 2018 Mpumalanga/Gauteng: Dit is amper weer tyd vir skoliekamp! Ken jy iemand in graad 11 of 12? Dan moet jy hulle persoonlik (of ten minste op facebook 😊) nooi om saam te kamp. Skryf sommer dadelik in by www.skollikampe.org.za.

Akomodasie vir enkelpersoon: *Bachelor* woonstel beskikbaar in Chappiesstraat, Lynnwood R3 800 p.m. water & ligte ingesluit. Kontak: Luanne 084 739 8136 luanne.stoop@gmail.com.

Kennisgewingsborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.
Registrasie om te stem (2019): **10 en 11 Maart 2018**.